

Donderdag 8 Junie

Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8

Fokusgedeelte: Openbaring 21:5; HK Sondag 22, Vraag 58

Die ewige lewe op 'n nuwe aarde

Die bestemming van die ware kinders van God ná die wederkoms van Christus is die nuwe aarde waarop hulle die volkome saligheid en onuit-spreeklike heerlikheid van die ewige lewe sal ervaar (2 Pet. 3:13; 1 Kor. 2:9). Dan ontvang hulle die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat Christus vir hulle verwerf het en wat in die hemel vir hulle in bewaring gehou word tot by die wederkoms van die Here (1 Pet. 1:4, 5). Uit die wêreld-brand van die einde waarin die werke van die mens op aarde verbrand sal word (2 Pet. 3:10), sal hierdie selfde aarde waarop ons nou woon in 'n nuwe, gelouterde, heerlike en heilige gedaante tevoorskyn tree (2 Pet. 3:13). God sê self dat Hy alles nuut sal maak (Op. 21:5). As God dit nuut gemaak het, bly dit in die gloed van daardie nuutheid en heerlikheid vir ewig pryk.

Wat hierdie nuutheid van die nuwe aarde beteken, word in die Skrif hoofsaaklik op 'n negatiewe wyse aan ons voorgehou. Daar word meesal slegs gesê hoe dit op die nuwe aarde nie sal wees nie en wat daar nie gevind sal word nie. Dit word gedoen omdat die heerlikheid van die nuwe aarde so ver uitstyg bo die mens se bevattingsvermoë dat dit onmoontlik is om in menslike taal en woorde positief te sê hoe dit op die nuwe aarde sal wees (1 Joh. 3:2). Paulus sê – ook op 'n negatiewe wyse – dat daardie heerlikheid so groot sal wees soos geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekrom het nie (1 Kor. 2:9).

Daarom word, veral in Openbaring 21 en 22, die huidige aarde as't ware met die nuwe aarde vergelyk en – sodat ons iets van die ewige heerlikheid kan verstaan – word getoon wat daar nie gevind sal word nie wat tans nog op die aarde gevind word.

So lees ons dat die see, wat in die Skrif dikwels 'n minder gunstige sim-boliek het, daar nie meer sal wees nie (Op. 21:1). Dit sal ook nooit nag word nie (Op. 21:25). Daar sal ook geen son of maan wees nie, want die heerlikheid van God sal die aarde verlig en die Lam sal sy lamp wees (Op. 21:23). Daar sal geen dood meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie (Op. 21:4). Daar sal ook geen tranes meer gestort word nie (Op. 21:4). Daar sal ook geen vyand wees wat die mense bedreig nie. Daarom sal die poorte van die nuwe Jerusalem nooit gesluit word nie (Op. 21:25). So kry ons op grond van hierdie Skrifgegewens 'n geringe idee van hoe die ewige lewe op die nuwe aarde daar sal uitsien.